

BEKOMMERNIS

In die tien verse in Matteus 6:25-34 sê Jesus ses keer ons moet ons nie bekommer oor wat ons gaan eet, drink of aantrek nie. Hy sê ons moet nie besorg of bang of angstig wees oor ons lewe nie. In vers 26 sê Jesus wat kos en water betref moet ons na die voëls kyk want “hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?” Dan in vers 28 en 29 wat klere betref moet ons na die veldblomme kyk, want “Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.” As God die veldblomme so versier, “hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?”

Tydens ‘n onlangse vakansie op ‘n forelplaas buite Dullstroom het ek heelwat tyd gehad om te stap, op die stoep te sit en te bid. Ek het gevra dat die Here vir my ‘n boodskap moet gee en so het Hy vir my gelei na Matteus 6 en die voëls en veldplante. Ek het baie voëls gesien: swaeltjies, mossies, tarentale, hadidas, visvangers, visarende, geelvinke, bleshoenders en nog meer. Die wonderlike was om dop te hou hoedat hulle kos soek en eet. Elk op sy eie manier en elk verskillende soorte kos wat die Here in die natuur vir hulle gee. Ek het toe ‘n paar keer die gedeelte in Matteus 6 gelees en my verwonder oor die praktiese preek wat Jesus voor my oë laat afspeel het. Hoe wonderlik dat Hy hierdie preek meer as 2,000 jaar gelede gepreek het en dat dit vandag nog net so relevant is! Dat ek en jy maar net ons oë moet oopmaak en die voëls en veldblomme moet bewonder en kyk hoe God vir hulle en vir jou en my sorg. En natuurlik weer Jesus se preek prakties sien afspeel voor ons oë. Hoeveel keer kyk ek en jy na die voëls en die blommeprag? Hoeveel keer hoor ons dan die wonderlike preek? En natuurlik ook, soos Jesus sê, dan moet ons nie kleingelowig wees nie. Nee, ons moet ons allereers vir die koninkryk en die wil van God beywer, dan sal Hy vir ons gee wat ons nodig het.

Hoe wonderlik toe ek vir my kinders en kleinkinders van die gedeelte uit Matteus 6 vertel en na al die voëls rondom ons wys my twee kleuter-kleindogters later die dag ‘n geestelike kleuterliedjie spontaan begin sing:

Kyk hoedat die voëltjies vlieg
sommer so, hoog daarbo!
God laat al die voëltjies vlieg
hoog daarbo!

Hy doen soveel meer vir my
ek sal altyd dankbaar bly
en my nie bekommer nie
Hy’s by my.

Kyk hoedat die lelies groei
in die veld, o so mooi!
God laat al die lelies groei
o, so mooi!

Mag Jesus se preek ons elke keer te binne skiet as ons na voëls of blomme kyk. Mag Hy gee dat ons dan dankbaar sal wees en ons nie bekommer nie. “Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?”

Oupa Jan Lubbe(Benoni)

